## 16 Mei - HEMELE

**Skrifgedeelte: Hebreërs 4:14 – 5:10**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 4:14-16**

Die Hebreër-gelowiges is bietjie lui in hulle lewe saam met die Here. Ja, hulle hét voor hulle doop bely: Jesus is die Here! Hulle kom nog so af en toe kerk toe. Maar hulle het van die Here begin wegdryf en afvallig geraak. Daarom wys die Hebreër-dominee hulle op Jesus – ons groot Hoëpriester wat reeds deur die hemele gegaan het.

DIE HEMELE – Die Jode het van ten minste drie hemele gepraat. Die gewelf of die hemelkoepel (Gen 1:7) is die eerste hemel. Die waters bo die gewelf (Gen 1:6) is die tweede, en God se woonplek (Ps 2:4) is die derde. Paulus ken die derde hemel, waarnatoe hy weggeruk is (2 Kor 12:2-4).

Nou het Jesus reeds deur die hemele gegaan. Hy het tot in die derde hemel, tot by God, gegaan. En daar is Hy nou ons Hoëpriester. Daar bring Hy ons by God juis omdat Hy vir ons die bron van saligheid geword het.

En die wonderlikste is: ons Hoëpriester, Jesus, verstaan ons en voel saam met ons wanneer ons stry met die sonde. Ja, wanneer ons swak is, sukkel om Satan en sy trawante teen te staan, wanneer ons worstel om kop bo water te hou in ons geloofstryd, het Jesus simpatie.

Jesus is immers net soos ons versoek. Hy was voluit mens op aarde. Satan het Hom voluit aangeval. En hoe meer Jesus teenstand gebied het, hoe feller was Satan se aanvalle. Maar Jesus het oorwin. Hy het nie gesondig nie!

Daarom, kom ons gaan in ons geloofstryd na God op sy troon. Kom ons gaan sonder om bang te wees, sonder om te wonder, sonder om te wag, want Jesus wat ons verstaan, is dáár. Ons Here gaan ons nie vreemd aankyk nie. Néé, Hy gaan barmhartig en genadig wees, want Jesus is dáár – en Jesus verstaan!

Maar kom ons gaan op die regte tyd, betyds – nóú! Die genadetyd duur nie vir altyd nie. Dit is tyd. Kom ons gaan!

*Sing: Psalm 122:1* *Ds PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)*